

# ***GRONDWET van die VAN DER LINDE FAMILIE BOND***

## ***INHOUD:***

NAAM.

DOELSTELLINGS.

METODES OM DOELSTELLINGS TE BEVORDER.

LIDMAATSKAP.

STEMREG.

LEDEVERGADERING.

FINANSIËLE PERIODE.

BESTUUR VAN DIE BOND.

BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUUR.

ERE-LIDMAATSKAP.

WYSIGING VAN DIE GRONDWET.

ONTBINDING.

## 1 NAAM:

Die naam van die Bond is die VAN DER LINDE FAMILIE BOND en word verder slegs die Bond genoem. Die Bond is met regs persoonlikheid bekleed en kan in sy eie naam as eiser of verweerder in gedinge optree en kan al die handeling verrig wat nodig is vir die bereiking van sy doelstellings.

## 2 DOELSTELLINGS:

Die bevordering van die samehörigheid en belange van die van der Linde familie;

Die bevordering van trots in die van der Linde-familienaam en die verstewiging en instandhouding van sosiale en kulturele bande onder lede van die Bond en om sodoende kontak met nasate te bou en te bevorder;

## 3 METODEDES OM DOELSTELLINGS TE BEVORDER

Die sameroeping van byeenkomste en belê van vergaderings;

Die verspreiding van 'n Bond-nuusbrief;

In samewerking met die Buro vir Heraldiek, 'n erkende wapen vir die van der Linde familie bond te ontwerp en te registreer;

Die aanlê en byhou (opdatering) van 'n familiegeslagsregister;

Die daarstelling en uitbouing van 'n familie-argief;

Stigting van Takke van die Bond in Provinsies van die Republiek van Suid-Afrika.

## 4 LIDMAATSKAP

Enige persoon wie reeds die ouderdom van 18 jaar bereik het en die draer is/was van die van "van der Linde", en wie se ouer/s, voog/de of eggenoot 'n direkte afstammeling is/was van enige een van die erkende stamvaders, kan op die voorgeskrewe aansoekvorm om lidmaatskap van die Bond aansoek doen.

Bestuur sal die aansoek oorweeg en kan sodanige aansoek aanvaar, onderworpe aan:

Die aansoeker moet aan al bogenoemde kwalifikasies voldoen, en

Die aansoeker moet die voorgeskrewe intree-lidmaatskapfooie betaal het.

'n Lidmaatskapsertifikaat sal aan alle nuwe lede uitgereik word. Lidmaatskap bly van krag vir solank sodanige lid se jaarlikse lidmaatskapfooie voor 'n vasgestelde datum betaal is.

## 5 STEMREG

Elke lid het een stem.

Stemme word uitgebring deur lede, in persoon teenwoordig op 'n ledevergadering of deur middel van 'n behoorlik voltooide en ingediende volmag.

## 6 LEDEVERGADERING

Die bestuur hou 'n register in stand van alle lede/gevolmagtigdes wat ledevergaderings bywoon.

Kennisgewing van 'n ledevergadering word minstens dertig dae voor die vasgestelde datum aan volwaardige lede per pos na die adres wat in die register verskyn, gestuur.

Een/tiende van die getal volwaardige lede of dertig (welke getal die kleinste is) vorm 'n kworum op 'n ledevergadering. Die Voorsitter van die Bestuur of in sy afwesigheid, die Voorsitter van die vergadering sit by sodanige vergadering voor en by staking van stemme het hy 'n beslissende stem.

Tensy anders hierin bepaal, geskied stemming by wyse van die opsteek van hande. Indien daar na die verloop van een uur na aanvangstyd van die vergadering nie voldoende lede op sodanige vergadering teenwoordig is nie, verklaar die Voorsitter die vergadering nietig.

Daar moet jaarliks 'n algemene ledevergadering gehou word.

Die algemene ledevergadering moet gehou word nie later nie as 6 maande na die sluiting van 'n finansiële jaar.

Die volgende aangeleenthede moet tydens die algemene ledevergadering oorweeg word:

- Die finansiële state van die Bond vir die vorige finansiële jaar
- Die verkiesing van die lede van die bestuur
- Die oorweging van die bestuur se handeling
- Die finansiële beaampte sal jaarliks 'n staat van inkomste en uitgawes voorlê vir goedkeuring.
- Optrede teen lede wat nie die doelstellings van die Bond bevorder nie.
- Enige ander lede-aangeleenthede
- Goedkeuring van ere-lidmaatskap

Besluite word geneem en goedgekeur deur 'n meerderheid van stemme.

## 7 FINANSIËLE PERIODE

Die eerste finansiële jaar strek vanaf datum van stigting tot 28/29 Februarie en daarna vanaf 1 Maart tot 28/29 Februarie, jaarliks.

## 8 BESTUUR VAN DIE BOND

Die Bestuur van die Bond bestaan uit minstens vyf lede

Die lede van die Bestuur word op 'n algemene ledevergadering gekies en verrig diens tot die volgende algemene ledevergadering. Enige vakature wat ontstaan weens die uittrede of dood van 'n lid, word tot die volgende algemene vergadering deur die oorblywende Bestuurslede self aangevul.

Die voorsitter word deur die lede van die bestuur gekies.

Een helfte ( $\frac{1}{2}$ ) van die Bestuur plus een vorm 'n kworum tydens 'n bestuursvergadering.

In geval van 'n staking van stemme op 'n Bestuursvergadering het die Voorsitter 'n beslissende stem.

Die Voorsitter en nog 'n bestuurslid tree as dagbestuur op om daardie sake te behartig wat die Bestuur spesifiek aanwys.

Die Bestuur besluit van tyd tot tyd op die aanvangslidmaatskapfoeie en die jaarlikse-legegeld, asook die jaarlikse finale datum waarop ledegeld betaal moet wees.

Die uitvoering van alle doelstellings berus by die Bestuur.

Die bestuur open 'n bankrekening waarin alle gelde waaroor die bestuur beheer het, gestort word. Enige enkele handtekening van drie lede, soos van tyd tot tyd deur die bestuur aangewys, word gemagtig om transaksies namens die Bond te doen.

Die bestuur sal minstens een keer per jaar vergader. 'n Ledevergadering moet deur die bestuur belê word en een-tiende van die volwaardige lede van die Bond kan 'n skriftelike versoek, met motivering, tot die bestuur rig dat 'n ledevergadering belê word.

Die bestuur reël familiesaamtrekke en handel in die verband of op 'n besluit van die ledevergadering of volgens eie oordeel.

## 9 BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUUR

Die Bestuur het die volgende bevoegdhede:

Om klubfondse by goedgekeurde handelsbanke te belê en aan te wend ten einde die doelstellings te bereik

Om in die algemeen aan die doelstellings vervat in Klousule 2 hierbo, volgens goeiddunke, uitvoering te gee.

Om 'n geding in die belang van die Bond in te stel en enige geding wat teen die Bond ingestel word, te verdedig.

## 10 ERE-LIDMAATSKAP

Tydens die algemene ledevergadering, kan ere-lidmaatskap aan lede toegeken word. Sodanige lede sal kwytkeskeld wees van alle toekomstige ledegeld en sal dus lewenslank 'n lid van die Bond wees met behoud van alle lidregte.

## 11 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Bepalings van hierdie grondwet kan alleen gewysig word by wyse van 'n twee-derde meerderheid van volwaardige lede teenwoordig op 'n ledevergadering, spesiaal vir die doel byeengeroep.

## 12 ONTBINDING

Die Bond word op die volgende wyse ontbind:

Kragtens 'n besluit van 'n twee-derde meerderheid van volwaardige lede geneem op 'n ledevergadering spesiaal vir dié doel byeengeroep; Die lede teenwoordig by hierdie vergadering sal 'n kworum vorm en is 'n uitsondering op die vereistes gestel in klousule 6 hierbo.

Notules van die algemene jaarvergaderings word op versoek, aan lede van die Bond wat vergaderings nie kon bywoon nie, beskikbaar gestel.

Onderteken te \_\_\_\_\_ op \_\_\_\_\_ 2014 deur:

\_\_\_\_\_  
A.P. van der Linde (Voorsitter)

\_\_\_\_\_  
H.S.C. van der Linde

\_\_\_\_\_  
C.J. van der Linde